Publication: Sake (Rapport)
Date: 09 Oct 2016
Page: 3

# Hou liewer jou bates – en selfrespek

Nico van Gijsen



## Raad met jou rande

Deel ek nou my goed aan my kinders uit, of moet hulle wag totdat ek dood is?

Hierdie vraag, of kromgetrekte weergawes daarvan, kry ek alte gereeld van lesers. Hoekom baie mense so gretig is om hul goed uit te deel, weet ek nie. Die dood gaan kom, jou kinders kan wag, jy hoef nie voor in die tou in te druk nie.

Hier is 'n paar redes om nie te gou bates uit te deel nie:

Mense gaan nie in volgorde dood nie. Daar is nie sekerheid daarin om nou jou huis vir jou kind te gee met die veronderstelling dat jy lewenslank daar sal kan woon nie.

As daardie kind voor jou sterf, is die huis in sy of haar boedel en as die oorlewende gade dit erf, is jy 'n bywoner by jou skoondogter of -seun. En al was alles maanskyn en rose voor die tyd, is die kans op 'n nuwe liefde baie groot. Wat laat jou dink Nuwe Liefde gaan jou as deel van die pakket aanvaar?

Wat gebeur as jy so siek raak dat jy versorging nodig het? Wie gaan betaal as jy reeds al jou besittings weggegee het? Bates wat aan jou behoort, byvoorbeeld 'n huis, kan verkoop en die geld belê word vir inkomste wat gebruik kan word om jou te onderhou in 'n versorgingsoord eerder as dat jy op kinders se nek moet gaan lê en eintlik 'n irritasie vir hulle en kleinkinders is. Hou liewer jou bates en jou selfrespek.

Kom ons kyk uit 'n suiwer finansiële hoek hierna. Gee jy bates weg, al is dit aan kinders, kom geskenkebelasting ter sprake. Die enigste "belastingaftrekking" wat jy het, is die R100 000 per jaar vrystelling. Op die res gaan jy 20% geskenkebelasting betaal.

Hou jy die bates in jou boedel, het jy benewens die menslike faktore wat ek genoem het, 'n boedelbelastingvrystelling van R3,5 miljoen op die netto boedel - dit is nadat siekbedkoste, administrasiekoste en dies meer betaal is - voordat belasting teen 20% gehef word.

En kapitaalwinsbelasting? As jy 'n vaste bate vervreem - weggee of verkoop - is dit onderhewig aan kapitaalwinsbelasting (KWB). As jy dit aan die kinders skenk, is sowel KWB as geskenkebelasting ter sake. By die dood kom KWB ook ter sprake, maar nie geskenkebelasting nie. En die KWB-aftrekking by die dood is R300 000; in lewe net R30 000.

En hereregte? As jy 'n vaste eiendom verkoop of skenk, is hereregte daarop betaalbaar (die een wat die eiendom kry moet dit betaal). As die huis by die dood vererf, is dit vrygestel van hereregte.

Wat my bring by 'n ander belangrike finansiële oorweging. Moenie dink jy het nie meer daardie lewensdekkingpolis nodig en dit dan kanselleer nie. Lewensdekking was nog nooit bedoel om jou te bevoordeel nie, dit is daar om jou nageslag 'n finansiële hupstoot te gee.

Pleks van jou bates onder kinders verdeel, laat hulle liewer die premies op jou lewenspolisse oorneem. Hulle is tog die begunstigdes. Dit is tot hul voordeel.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission